Pasiëntinligtingsblad

Lees hierdie hele inligtingsblad noukeurig deur voordat u hierdie medisyne neem:

- Hou hierdie inligtingsblad. Dit mag nodig wees dat u dit weer moet lees.
- Indien u nog enige verdere vrae het, vra asseblief vir u dokter of apteker.
- Hierdie medisyne is vir u persoonlik voorgeskryf en u moenie u medisyne met enige ander persone deel nie. Dit kan hulle skaad selfs al is hulle simptome dieselfde as u s'n.

SKEDULERINGSTATUS:

S3

EIENDOMSNAAM EN DOSISVORM

GLICLAZIDE 40 mg AUSTELL
GLICLAZIDE 80 mg AUSTELL

WAT GLICLAZIDE AUSTELL BEVAT

GLICLAZIDE 40 mg AUSTELL:
Elke tablet bevat gliklasien 40 mg.
GLICLAZIDE 80 mg AUSTELL:
Elke tablet bevat gliklasien 80 mg.
Die onaktiewe bestanddele is: Laktose-monohidraat, mikrokristallyne sellulose, polivinielpirrolidon, gesuiwerde talk, kroskarmellosenatrium, magnesiumstearaat.

WAARVOOR GLICLAZIDE AUSTELL GEBRUIK WORD

GLICLAZIDE AUSTELL tablette word gebruik vir die behandeling van diabetes mellitus wanneer insulien nie nodig is nie en wanneer dieetbestuur alleen onvoldoende was.

VOORDAT U GLICLAZIDE AUSTELL NEEM

Moenie GLICLAZIDE AUSTELL neem:

- in Tipe I-diabetes mellitus
- by pasiënte met ketoasidose
- by diabete wat chirurgie ondergaan, na trauma of tydens ernstige infeksies
- waar daar 'n bekende allergie vir sulfonielureum en ander verwante medisyne is
- indien u simptome van hipoglukemie (lae bloedsuiker) ervaar, soos sweet.

Waarskuwings:

Praat met u dokter of apteker indien u aan lewer- of niersiekte ly, veral by bejaardes, verswakte of ondervoede pasiënte, en diegene met bynier- of pituïtêre ontoereikendheid.

Interaksies:

Praat met u dokter indien u die volgende medikasie neem: sulfonamiede, salisilate (asprien), fenielbutasoon (gebruik vir die behandeling van artritis), beta- adrenoreseptorblokkeerders, monoamienoksidase-inhibeerders, ketokonasool, mikonasool, chloorafenikol (antibiotika), klofibraat (verminder vet), halofenaat, siklofosfamied, dikumarol, en simetidien (gebruik om maagsere te behandel).

Die effek van GLICLAZIDE AUSTELL kan verminder word deur tiasieddiuretika, kortikosteroïede, eostrogeen en adrenalien. Betablokkers kan simptome van hipoglukemie masker en kan normale fisiologiese reaksie op hipoglukemie inhibeer.

Swangerskap en borsvoeding

Indien u swanger is of u baba borsvoed terwyl u hierdie medisyne gebruik, raadpleeg asseblief u dokter, apteker of ander gesondheidsorgkundige om advies.

HOE OM GLICLAZIDE AUSTELL TE NEEM

GLICLAZIDE AUSTELL is 'n sulfonielureum-antidiabetiese middel. Dit word per mond toegedien in die behandeling van tipe 2-diabetes mellitus en het 'n werkingsduur van 12 ure of meer. Die gewone aanvanklike dosis is 40 tot 80 mg daagliks, geleidelik verhoog indien nodig, tot 320 mg daagliks. Dosisse van meer as 160 mg daagliks word in 2 verdeelde dosisse gegee.

Ingeval van 'n oordosis, raadpleeg u dokter of apteker.

MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE

Nie al die newe-effekte wat vir hierdie medisyne aangemeld is, is in hierdie inligtingsblad opgeneem nie. Indien u algemene gesondheidstoestand versleg of indien u enige ongewenste effekte ondervind terwyl u hierdie medisyne neem, moet u asseblief u gesondheidsorgkundige om advies raadpleeg.

Newe-effekte:

Gastro-intestinale versteurings

Minder dikwels: Naarheid, braking, sooibrand, anoreksie, diarree en 'n metaalsmaak kan voorkom. Dit is gewoonlik dosisafhanklik.

Hipersensitiwiteitsreaksies

Minder gereeld: Veluitslag en pruritus kan voorkom en fotosensitiwiteit is aangemeld. Uitslag kan tot meer ernstige afwykings vorder. Ander ernstige effekte kan manifestasies van hipersensitiwiteitsreaksies wees. Dit sluit in veranderde lewerensiemwaardes en cholestatiese geelsug, leukopenie, trombositopenie, aplastiese anemie, agranulositose, hemolitiese anemie, erythema multiforme, Stevens-Johnson-sindroom, eksfoliatiewe dermatitis en erythema nodosum.

BEWARING EN WEGDOENING VAN GLICLAZIDE AUSTELL

Bewaar die medisyne in 'n droë plek benede 25 °C
Beskerm teen lig
Besorg alle ongebruikte medisyne terug aan u apteker.
Moenie ongebruikte medisyne in die dreinering- of rioolstelsel (bv. toilette) weggooi nie.

MOENIE GEBRUIK NA DIE DATUM WAT OP DIE PAKKIE GEDRUK IS NIE.

BEWAAR ALLE MEDISYNE BUITE BEREIK VAN KINDERS.

AANBIEDING VAN GLICLAZIDE AUSTELL

GLICLAZIDE 40 mg AUSTELL:
Stulpstroke (deurskynende PVDC-bedekte PVC-film en aluminiumfoelie) van 3 x 10 en 6 x 10 tablette.
Grootmaat pak (Wit HDPE houers) van 250 tablette.
GLICLAZIDE 80 mg AUSTELL:
Stulpstroke (deurskynende PVDC-bedekte PVC-film en aluminiumfoelie) van 3 x 20 en 2 x 14 en 4 x 14 tablette.

IDENTIFIKASIE VAN GLICLAZIDE AUSTELL

GLICLAZIDE 40 mg AUSTELL:
Wit tot afwit, ronde, plat skuinsrand, onbedekte tablette met breeklyn aan die een kant.
GLICLAZIDE 80 mg AUSTELL:
Wit tot afwit, ronde, plat skuinsrand, onbedekte tablette met breeklyn aan die een kant.

REGISTRASIENOMMERS

GLICLAZIDE 40 mg AUSTELL: 38/21.2/0206
GLICLAZIDE 80 mg AUSTELL: 38/21.2/0207

NAAM EN ADRES VAN REGISTRASIEHOUER

Austell Pharmaceuticals (Pty) Ltd
1 Sherborne Road
Parktown
JOHANNESBURG, 2193
Tel: +27 11 611 1400 or +27 860 287 835

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN DIE PASIËNT-INLIGTINGSBLAD

29 Julie 2005

Toegang tot die ooreenstemmende professionele inligting

Professionele inligting vir hierdie medisyne is beskikbaar op die volgende URL: https://austell.co.za/product-info/ URL:
https://austell.co.za/product-info/
Austell Pharmaceuticals (Pty) Ltd
Tel: +27 11 611 1400 of +27 860 287 835